



TOULEIER

Kom, knyp ietsie af vir die Kinderhuis!



Nou ja die jaar tweeduisend-en-nege stap aan Krusmus se kant toe en daar is nog net twee uitgawes van Kammanuus alvorens ons bietjie gaan rus tot soos skuins in sokkerwêreldbekerjaar.

Sê ek mos vir 'n maatjie (nie Kamermaatjie nie) vandag by die werk, daar gaan glo 15 keer meer besoekers na die geleentheid toe gaan in Duskantland as wat by die vorige Wêreldbeker opgedaag het.

Sê die maatjie ewe sedig: "Dan gaan die skelms en die rowers darem lekker vroeë Kersfeesinkopies doen onder die klomp. Amper soos sardientjietyd langs die Suidkus."

Hy teug so aan sy koffie voor hy aangaan, "Hulle gaan nie eens by almal uitkom nie, party gaan nog wegkom met al die besittings wat hulle mee gekom het!"

Moes ek hom toe maar reghelp. Vertel ek hom die rampokkers sal maar moet adverteer vir nog maatjies om te kom help daar uit Nigerië uit. Dan bly die klomp sommer na die tyd aan daar die suidelike voorstede van Gomorra waar hulle landgenote klaar oorgeneem het.

Maar genoeg van my galgehumor na iets baie meer na aan my hart lê.

Help ons stagnerende Kinderhuis-fonds

Vra Onsdorp se man in die Kammanuus-enjinkamer daar in Slaapstad my of ons nie maar liever moet halt roep met *Kammanuus* nie. Hy hoor dan niks meer van ons lesers nie.

Terwyl ek nog so steier teen die toue, plant hy die volgende opstopper: "Gee Onsdorpers dan nie meer om vir die weeskindertjies nie?" Ons Kinderhuisfonds staan omtrent stil, stagneer soos moeraswater. Daar is nog net Erna en Christo van Wyk wat getrou elke maand hul R500 insit. Staan ons darem al op R7000, 5% van ons mikpunt. (Ons wou die Bloemfontein-kinderhuis se minibussie wat gesteel is, vervang.)

Wys die enjinman my daarop dat laas keer toe ons vir Abraham Kriel bymekaar gemaak het, was Onsdorpers daar met amper by die **vyftigduisend rand**.

Oukei, dit was meer iets soos R42000 maar vyftig klink soveel beter ;-)

Helaas, tye is swaar, werk en geld is min. Nie dat ons dit ooit mag gebruik as verskoning nie, dit gaan nie die kindertjies help nie.

Nou het ek gedink, kom ons laat sak so effe die visier. Veral die van ons wat redelik verdien hier in Anderkantland, kom ons kyk of ons nie vir die kinders van Bloemfontein hierdie Kersfees iets spesiaals kan maak nie.

Intussen soek ek so een of twee van ons lesers in Bloemfontein om hulle bereid te verklaar om bietjie die Kinderhuis te gaan besoek en uit te vind hoe ons die fondse gaan bestee. Ons gaan ook self die persente aankoop. Stuur vir my 'n epos aan pos@onsdorp.com as jy daar naby woon en gaan help met die reëling en aflewering van die persente (en benodighede).

Die ander van ons, hier is die bankbesonderhede weer:

Ons Bank: *Eerste Nasionale Bank - Stilfontein*
Rekeninghouer: *HJ Greeff*
Tipe Rekening: *Bob Spaar*
Rekeningnommer: *60379199926*
Takkode: *240538*

Gaan besoek ook gerus ons Kinderhuis webwerf by:

<http://www.onsdorp.com/bloemfonteinkinderhuis>

Jou R10 gaan vir iemand 'n spesiale ietsie koop die Kersfees, nè?

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Werk vir die weermag

DIE SA Weermag gaan volgende jaar in die townships ontplooi word – nie om wet en orde te handhaaf nie, hoewel dit ook sal help – maar om met pik en troffel te herstel wat so stelselmatig wanbestuur is dat dit ten gronde gegaan het.

Miskien het die toestand van die weermag se toerusting – dit wat nog nie gesteel is nie – iets daarmee te doen, maar die amptelike rede is om dienslewering te herstel.

Intussen is daar ontdek dat 300 000 van die huise wat gratis gebou is, inmekaar gestort het of besig is om inmekaar te stort. Miskien gaan die weermag ook hiervoor ingespan word – hulle word dalk geleer om met sement pleks van sand te messel, terwyl die kontrakteurs wat hulself met vet tenders verryk het natuurlik skotvry is.

So op die oog af klink dit nie na 'n slegte idee nie, maar Roelfie weet nie wat die vakbonde daarvan gaan dink dat 'n spul leegleërs nou skielik moet begin werk nie.

► **Miskien kan die tienduisende skarminkels wat ons tronke volsit en niksdoen ook ingespan word. As dit nou nie te veel inbreuk op hul menseregte sal maak nie.**

❖ Skewe waardes

AFRIKA het sulke skewe waardes dat 'n mens nie weet wanneer jy dinge ernstig moet opneem nie, soos nou weer met die aanwysing van Jacob Zuma as President van die Jaar.

Roelfie het so bietjie ondersoek ingestel, en kom toe agter die prys het net so min waarde as die bottelprop-"medaljes" wat Idi Amin Dada op sy bors gedra het.

Dis sommer 'n uitvindsel van 'n Sandtonse be- markingsmaatskappy en die sg. Kenneth Kaunda Stigting, met aan die hoof die einste man wat vir Zambië se ekonomiese vernietiging verantwoordelik was met sy korrupte vorm van outokrasie en sy verwerplike morele karakter.

As 'n mens dit alles saam lees, kom jy agter dat Zuma nogal in goeie geselskap is as jy in gedagte hou dat hy steeds 783 uitstaande korrupsieklagtes teen hom systap.

► **Nou wonder Roelfie net: Is daar oor die prys gestem, en met hoeveel stemme het Zuma vir Mugabe geklop?**

❖ Rassekaart

VYF staatsinstellings, vyf krisis. Kortliks: **SAL** – Bestuurshoof afgedank. **SAUK** – Groep- hoof bedank ná skorsing, loop met R12 miljoen. **Transnet** – geskors hangende wanbestuur. **Eskom** – Afgedank. **Krygkor** – gevra om te bedank.

En wat dink die Black Management Forum hiervan? Dat dit sommer net gaan oor wittes wat glo dat swart mense onbekwaam is om verantwoordelikhede te aanvaar. Roelfie kan antwoord, maar hy wil dit liever aan die die *Sowetan* se swart redakteur oorlaat.

Hy skryf: "Ons moet die rassekaart aan die kaak stel as die laaste toevlug van skobbejakke en kwaksalwers."

► **Amen.**

❖ Diefstal

DUSKANTLAND is nou onder die vyf top-lande wat winkeldiefstal betref. Die jaarlikse koste beloop amper R6 miljard, of R426 vir elke huishouding. Diefstal van skeermes- lemmetjies en Canderel versoeter het die meeste gestyg.

► **Roelfie weet nie wat die grootste misdaad is nie: die diefstal van lemmetjies, of die buitensporige prys van lemmetjies.**



❖ Selfone en dinge

AL ooit gedink hoe gepas die benamings selfoon of *mobile* is?

Tronkvoëls het toegang tot **selfone**, en die meerderheid motoriste dink dis iets wat jy moet gebruik terwyl jy **mobiel** is.

► **IN** Slaapstad het die skimpolisie – spietkops in ongemerkte karre – twee uur lank gesoek om één bestuurder te kry wat vir goeie padmaniere beloon kan word.

► **Foolius** Malemmer hou glo erg van jaag. Hy het nou glad 'n blou lig iewers uitgekrap wat hy op sy eie voertuig se dak sit. Roelfie se raad vir hom is: Vinniger, Foolius, trap daai lepel plat!

► **In** Bojaansberg is daar nou so min werkende verkeersligte dat selfs die minibus-taxis uit vrees by kruisings stilhou.

Allegaartjie



FEËVERHAAL

Lank, lank gelede het 'n man 'n meisie gevra om met hom te trou.

"NEE!" sê die meisie.

En die man het 'n lang en gelukkige lewe gehad. Hy het op sy motorfiets gery, vis gevang en gejag en baie gholf gespeel en bier en whiskey gedrink. Hy het baie geld in die bank gehad, die toiletsitplek opgeslaan gehou en gepoep wanneer hy lus was.

Die Einde

Liewe Lena

het nie antwoorde vir hulle gehad nie

Liewe Lena

Ek het 'n man wat ek nie kan vertrou nie. Hy verneuk my so baie, ek weet nie eers of die kind wat ek verwag syne is nie.

Liewe Lena

Ek is 'n 23-jarige bevryde vrou wat al twee jaar lank op die Pil is. Dit raak nou duur, en ek dink my kêrel moet begin om die helfte te betaal. Maar ek dink nie ek ken hom goed genoeg om met geld oor hom te praat nie.

Liewe Lena

Ons seun skryf dat hy nou begin het om judo te neem. Hoekom draai 'n seun wat in 'n goeie Christelike huis grootgeword het teen sy eie?

Liewe Lena

Ek is al drie maande lank met Dries getroud. Ek het nie geweet hy het 'n drankprobleem nie totdat hy een aand nugter by die huis gekom het.

Liewe Lena

Twee vroue het in die woonstel regoor my ingetrek, een middeljarig en die ander een in haar vroeë twintigs. Hulle gaan oral saam en ek het nog nooit 'n man gesien wat by hul woonstel inkom of uitgaan nie. Dink jy hulle is Lebanese?

Onthou: Hulle het almal stemreg!

DEURBRAAK




Apple het bekend gemaak dat hy 'n borsinplanting gemaak het wat musiek kan stoor en speel. Die prys van die iTit wissel tussen R999 en R1299 afhangende van die grootte van die bors en die luidsprekertjie. Dit word as 'n reuse-deurbraak beskou omdat vroue altyd kla dat mans na hul borste kyk en nie vir hulle luister nie.



KLINK NIE LEKKER NIE

NUUT OP DIE MARK: Die daghorlosie



Unieke ontwerp om jou te help om tred te hou met jou afspraak soos gholfdae en sake-etes. Ideaal vir vakansies wanneer jy maklik tred met die dag verloor.



Die lengte van 'n minuut hang af van watter kant van die badkamer se deur jy jou bevind.

Een vuurvliegie aan 'n ander: "Weet jy, ek dink ek moet 'n bril kry. Ek het netnou sowaar probeer om by 'n brandende sigaret aan te lê."

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Fransjohan Pretorius

Danie Theron was een van baie dapperes

AANVANKLIK is baie veldkornette en kommandante tydens die Boereoorlog nie op grond van militêre eienskappe verkies nie, maar om sosiale of politieke redes. Talle burgers het hierdie offisiere nie as hul militêre meerderes beskou nie.

Baie het dus afgehang van die offisier se persoonlikheid, sy vernuf as veldheer en sy invloed op die burgers. Offisiere wat militêr die meerdere was en 'n sterk persoonlikheid gehad het, kon veel meer uitgerig kry.

Generaals Koos de la Rey, Christiaan de Wet en Louis Botha was sprekende voorbeelde van goeie leiers.

Die invloed wat die offisier op die burgers gehad het, moet nie onderskat word nie. Genl. Ben Viljoen het dit treffend gestel: "My ondervinding is dat 'n burger soos sy offisier is."

Wat het die burgers van besielende offisiere gedink? Oor De la Rey, De Wet en Botha is daar menige lofredes, sodat ons na 'n paar minder bekendes moet kyk.

Opvallend genoeg het baie van hulle of die slagveld gesneuwel. Vir kmdt. Danie Theron het die dood onsterflike roem gebring, maar in die meeste gevalle het die dood beteken dat baie bekwame offisiere vergete geraak het.

Volgens 'n lid van Theron se verkenningkorps was sy invloed so groot dat hulle hom sonder aarseling in die donkerste nag tot in die kloue van die dood sou volg. Kmdt. Sarel Haasbroek van Winburg het ook in die oorlog gesneuwel. Volgens ds. J.D. Kestell was hy die liefeling van sy manskappe en het hy vir hulle gesorg asof hulle sy kinders was.



Danie Theron

Theron het op 31 Augustus 1900 in 'n skermutseling met die Kakies op Slypsteenkoppe naby Kommissiedrif gesneuwel. Hy was op 'n verkenningstog toe hy hom onverwags in sewe Britse soldate vasgeloop het. In die skermutseling wat gevolg het, het drie Tommies gesneuwel en is die ander vier gewond.

Die Britte het hierna met 'n sestel veldkanonne op die koppie losgetrek en Theron het in die volgehoue bombardement gesterf. 'n Monument is later tot sy eer opgerig. Dit is maklik sigbaar van die Johannesburg-Potchefstroompad en is bykans 25 meter hoog. Die bopunt is van koper en in die vorm van 'n vlam, as simbool van vryheidsvlam wat in die siel van Theron gebrand het.

Dit is onvermydelik dat 'n man wat so geleef en gesterf het, onsterflike roem verwerf het.

Die grootste vertroue is ook gestel in kmdt. H.F. Prinsloo van Carolina. Louis Bothma het jare later van Prinsloo se aandeel in die Slag van Spioenkop onthou: "Daar het ek geleer wat 'n goeie offisier kan doen. Hoewel elke oomblik aan die dood blootgestel, het hy kalm gelei en op en neer en in en uit die veglinie beweeg om sy heliografiese berigte te doen, sy dapperes deur sy onverskrokke voorbeeld te inspireer en vertroue in te boesem."

Ander top-offisiere het ingesluit Louis Botha se oudste broer, genl. Philip Botha van Kroonstad, kmdt. Sarel Oosthuizen van Krugersdorp en talle ander.

Pa en seun lê langs mekaar in 'n loopgraaf in die Boere-oorlog.

"Pa, hoeveel man is ons sterk?"

"Seker so vyftig, my seun."

"Pa, en die Kakies?"

"Seker omtrent 'n duisend, my seun."

Na 'n rukkie van stilte sê die seun: "Sjoe! Ons gaan vandag weer laat klaarmaak."



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

DRIE VRIENDE

Drie vriende neem aan 'n trekking deel en elkeen wen 'n prys.
Hennie wen 'n sespak bier, George 'n elektriese tandeborsel en André 'n toiletborsel.
'n Paar dae later ontmoet hulle in 'n kroeg en ruil notas uit.

"Die biere was heerlik," sê Hennie. "Ek het hulle met my seun gedeel terwyl ons saam rugby gekyk het."

"Die tandeborsel werk goed," sê George. "Kyk hoe blink my tande."

"Ek weet nie so mooi van daai toiletborsel nie," sê André. "Ek dink ek sal maar weer begin om papier te gebruik."

MUSKIETE

Wat is die verskil tussen muskiete en politici? Daar is spuitmiddels teen muskiete.

GOED GESÊ

Die man sit langs 'n blonde op die vliegtuig. "Kan ek 'n bietjie met jou gesels?" vra hy.

"Waaroor?" vra sy.

"Wat van kernkrag?" sê hy.

"Sê my eers," sê sy, "weet jy hoekom is 'n bokdrol rond en hard en beesmis is plat en slap, maar altwee diere vreet gras?"

"Nee, ek weet nie" se hy.

"PRESIES!" sê sy. "Jy kan nie eers oor k-k praat nie, maar nou wil jy met my oor kernkrag praat!"

WIE WAS SY?

Twee kollegas geniet 'n drankie ná werk.

"Jy weet," sê die een, "ek glo in outydse morele waardes. Ek het nie voor ons troue by my vrou geslaap nie. Kan jy dieselfde sê?"

Sy maat dink so 'n bietjie en antwoord toe: "Ek is nie seker nie. Wat was jou vrou se nooiensvan?"

GELOWIGE BRAK

'n Man kom huilend by 'n dominee aan.


Dominee: "Hoekom so hartseer, broer?"

Man: "My hond is dood. Sal dominee hom begrawe, asseblief?"

Dominee: "Nee broer, ons begrawe nie diere nie. Probeer die AGS oorkant die straat."

Man: "Goed, dink u hulle sal 'n donasie van R50 000 aanvaar?"

Dominee: "My magtig broer, kom sit, pleks jy sê dis 'n NG-hondjie!"



VLOOIE

Die bus is vol mense, en een passasier het sy hond by hom

Die iesegrimmige vrou op die bus kyk die man oorkant haar suur aan en grom:

"Roep jou hond en hou hom asseblief naby jou. Ek kan voel daar is 'n vlooi in my skoen."

Die man gee dadelik gehoor:

"Wagter, kom sit hier by my, daai antie het vlooië."

Moenie so beskeie wees nie, jy is nie só fantasties nie.

- Golda Meir

Die geskiedenis sal my goed behandel, want ek gaan dit self skryf.

- Winston Churchill

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





Hoekom MANS nooit depressief is nie

Jy behou jou familienaam lewenslank.

Die garage behoort net aan jou.

Trouplanne sorg vir hulself, en sjokolade is net nog 'n lekkerny.

Jy kan nie swanger raak nie.

Mekennieks lieg nie vir jou nie.

Die wêreld is jou urinaal - sonder moeite.

Jy hoef nooit na 'n ander petrolstasie se ruskamer te ry omdat hierdie een nie skoon is nie.

Jy hoef nie te dink watter kant om jy 'n moer aan 'n bout moet draai nie.

Plooie voeg karakter by jou voorkoms.

Mense staar nooit na jou bors as jy met hulle praat nie.

Nuwe skoene verniel nie jou voete nie.

Jy kan nie kreukels aan jou klere sien nie.

Dieselfde haarstyl hou dekades lank.

Jy hoef net jou gesig en jou nek te skeer, en jy het 'n keuse of jy 'n snor wil hê of nie.

Jy kan jou Kersinkopies op 24 Desember doen en dit vat jou net 25 minute.

En dan wonder mense nog hoekom mans gelukkiger is.

SNAAKSE advertensies

FOR SALE: One pair
hardly used dentures,
only 2 teeth missing.
\$100 OBO. Call Ira 878-
029 after 6.

Advertensies in die snuffelgids kan soms snaaks wees!

Ongeletterd? Skryf vandag en kry gratis hulp!

Motorhersteldiens. Gratis optel en aflewer. Probeer ons gerus - jy sal nooit weer elders gaan nie.

Hond te koop. Eet alles en is lief vir kinders.

Driejarige onderwyser benodig vir voorskool. Verkieslik iemand met ervaring.

Man gesoek om in dinamietfabriek te werk. Moet bereid wees om te reis.

Gesoek: Man wat sal omsien na 'n koei wat nie rook of drink nie.

Matras. Volgrootte. 20 jaar waarborg. Soos nuut. Ruik effens na urine.

Kalkoen te koop. Half geëet. Net agt dae oud. Albei boudjies nog heel.

Gebruikte grafsteen. Perfek vir iemand met die naam Homer Hendel Bergen Heizel. Net een beskikbaar - spring gou!

MARTELTOG VAN DIE SWEMBROEK

Ingestuur deur
Coen Adendorff

"'n Geblomde tweestuk het my soos 'n oorgroot servet in 'n servetring laat lyk."



**Miskien moet jy jou ma roep.
Lyk my die gety probeer om
in te kom.**

Ek het pas die jaarlikse marteltoeg wat jou tot in die afgrond verneder, agter die rug. Ons praat hier van swembroek koop.

Toe ek'n kind was, was baaibroeke vir grootmens-tannies spesiaal ontwerp vir vroue met 'n volwasse lyf. Met al die baleine, ondersteuning en versterking was dit eintlik meer ingenieurswonders as kledingstukke. Hulle moes als bymekaar hou en oplik, en dit het gewêrk.

Vandag se swembroeke van rek-lap is eintlik bedoel vir meisiekinders wat nog nie hul puberteit bereik het nie, en wie se lyfies lyk of dit uit marmer gebeitel is.

Vroue met volwasse lywe het nie juis 'n keuse nie. Hulle moet by die kraamklere-afdeling gaan toustaan en geblomde affêres met rompe aanpas sodat hulle kan lyk soos die seekoeie in Walt Disney se *Fantasia*. So nie moet hulle maar by die rakke met gewone swembroeke rondsnuffel en kyk watter van die stukkies rubberrek in glimkleure hulle die minste sleg pas.

Wat kon ek doen? Ek het maar rondgesnuffel. Ek het een uitgekies en in die martelhokkie, ook bekend as die aanpaskamer, verdwyn. Wat my eerste oor die baaibroek opgeval het, was die ongelooflike sterkte van die rek materiaal. Ek dink die Lycra wat in swemklere gebruik word, is deur NASA ontwikkel om klein vuurpyle met ketties te lanseer.

Die bonus is dat as jy jou lyf in 'n Lycra-baaibroek kan inwurm, dit sommer ook jou organe teen 'n haai-aanval beskerm: Enige haai wat dom genoeg is om aan jou middellyf te probeer hap, se kakebeen sal deur die terugspringaksie afgeruk word.

Ek het my in die eerste swembroek ingewurg, maar toe ek die laaste klein skouerband oorhaak, skrik ek my boeglam. My boesems was skoonveld! Ek kry toe eindelijk die een, onder my linkerarmholte. Ná 'n rukkie kom ek ook op die ander een af: platgedruk teen my sewende ribbebeen.

Dis oor vandag se swembroeke nie 'n ingeboude bra het nie. Die volwasse vrou is veronderstel om haar borste oor haar borskas uit te spreid totdat dit soos 'n spoedwal lyk.

Ek het my spoedwal geranskik en weer in die spieël gekyk. Die swembroek het gepas. Maar ongelukkig het dit net dié dele van my gepas wat bereid was om binne te bly. Die res van my het oral uitgepeul. Ek het gelyk soos 'n stuk klei wat in 'n te klein vel kleefplastiek toegedraai is.

Toe ek nog so staan en wonder waar al my ekstra dele dan vandaan kom, het die verkoopvrou om die gordyn kom loer: "O, daar's julle almal."

"Ja, dis almal ek," het ek geantwoord terwyl ek my ekstra dele so bekyk.

"Het julle nog iets wat ek kan aanpas?"

Ek het so 'n roomkleurige een van gekreukelde materiaal aangepas. Dit het my soos ontwerperskleefband laat lyk. 'n Geblomde tweestuk het my soos 'n oorgroot servet in 'n servetring laat lyk. In die luiperdpatroon-eenstuk met die valletjiesrand het ek gelyk soos Tarzan wat met die verkeerde voet uit die bed geklim het. Die deftige swart baaibroek met die middellyf van netmateriaal het my laat lyk soos 'n jellievis wat rou.

En die pienke? Sy bene was so hoog gesny dat ek my wenkbroue met was sou moes verwyder as ek dit wou dra! Uiteindelijk het ek een gekry wat pas: 'n Tweestuk met 'n kortbroek-styl onderste en 'n halternektop. Dit was goedkoop, gemaklik en het mooi gemaak met my knoppe en bulte. Ek het dit gekoop.

By die huis het ek die etiket gelees:

"Materiaal kan deurskynend raak in water."

Maar dra gaan ek dit dra. Ek moet net eers leer hoe om op droë grond borsslag te swem.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Kom ons gesels oor DEEG

Verlede keer het ek oor MEEL gepraat, vandag oor DEEG!

Onthou ook, hoe varser jou meel, hoe minder vloeistof is nodig. Vir ouer meel gebruik bietjie meer vloeistof.

Dit is verkieslik om standaard metrieke meettoerusting te gebruik aangesien alle koppies en eetlepels nie ewe groot is nie. Of gebruik 'n omrekeningstabel waar nodig.

(Gaan kyk gerus op my werfie, daar is al hierdie inligting en tabelle vir jou.)

Om meel korrek af te meet, skep ongesifte meelblom met 'n lepel in 'n maatkoppie sonder om dit vas te druk. Skud die koppie effens en maak dit gelyk met 'n mes. Sif dit een keer voordat jy dit meng - dit verseker 'n ligte resultaat.

Koekmeel, bruismeel witbroodmeel en semolina word eers gesif en dan gemeng.

Bruinbroodmeel en volkoringmeel word gesif en die semels net weer daarna teruggegooi.

Semels word nie gesif nie en net so gebruik.

Ons kyk nou na :

Brooddeeg, witsous, broskors-deeg, skilferdeeg, chouxdeeg, flandeeg, blaardeeg.

BROODDEEG

Basiese brooddeeg vir brode, vetkoek, oliebolle, pizzas

Gebruik 4 k. meel, 10 g (1 pakkie) kitsgis, 7.5 ml sout, 375-500 ml loutwarm water, 2 t. suiker.

Meng droë bestanddele. Gooi water bietjie-bietjie by en meng tot hanteerbare deeg. Knie vir so 10 minute op meelbestrooide oppervlakte tot glad en elasties.

Smeer jou hande met olie - dit werk makliker. Sit deeg in skoon bak wat liggies met olie gesmeer is, smeer deeg bo-op ook liggies sodat dit nie uitdroog nie, maak toe en sit op warm plek om te rys tot dubbel die grootte. Moenie afknie nie. Sit in pannetjies en bak 45 minute op 180 °C.

WITSOUS (Ja dis ook 'n deeg!)

Jy kry 3 diktes: dun witsous vir basis in romerige sop, matige dikte vir bedeksouse en dik witsous as bindmiddel vir bv. krokette. Die dikte word bepaal deur die hoeveelheid botter en meel wat jy gebruik.

Vir **dun** witsous gebruik 15 ml botter, 15 ml koekmeel en 200 ml melk.

Vir **matig** gebruik 25 ml botter, 25 ml koekmeel en 200 ml melk.

Vir **dik** gebruik 50 ml botter, 50 ml koekmeel en 200 ml melk.

Smelt botter in kastrol oor lae hitte. Roer meel vinnig by om klonte te voorkom. Roer melk stadig by, roer aanhoudend en kook 3-5 minute lank oor matige hitte tot glad, verlangde dikte en gaar.

BROSKORS-DEEG

Amper krummelrig, 'n tertdeeg wat vir so te sê enigiets perfek is:

pasteie, terte, flans, kluitjies, toe-tertjies. Die verhouding is 'n halwe deel smeer tot een deel meelblom.

Gebruik 240 g meelblom, knypie sout, 120 g smeer, 5 ml koue water vir elke 30 g meelblom.

Sif meel en sout saam, sny smeer in, vryf liggies in meel in todat dit soos broodkrummels lyk. Voeg water by om ferm deeg te vorm. Vorm in bol. Plaas op effens bestrooide meeloppervlakte, knie liggies tot geen barsies meer vorm nie.

Dan kry ons nog beslagdeeg, kookwaterdeeg, olietertdeeg, quiche-tertdeeg, kitsblaardeeg, vlokkige blaardeeg, skilferdeeg, niervetdeeg, chouxdeeg, kaastertdeeg, suuroomtertdeeg, roomtertdeeg, mielieblomdeeg en vele meer! Maar ek volstaan hiermee, vra gerus as jy nog iets wil probeer!

Vir die vollediger weergawe besoek gerus die **So Maak Mens**-werfie

<http://www.onsdorp.com/somaakmens>

Kos is die primitiefste vorm van gerief.

-- Sheila Graham

Jy hoef nie ingewikkelde meesterstukke te kook nie - net goeie kos van vars bestanddele.

-- Julia Child



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BREDENHANN

dziets@gmail.com

Inligting oor die nasate van Johan Georg Bredenhahn en Jacoba Adriana Appel.

Seuns uit hierdie huwelik gebore is:

George Philip Bredenhahn (AFN:1BP0-576). Gebore: 9 Jul 1812, Swellendam - ongetroud??

Phillipus Albertus Bredenhahn (AFN:1BP0-5J2) Gebore: 25 Jul 1814, Swellendam.

Trou 26 Mar 1837 met Elisabeth Hermina Catherina Volschenk (AFN:1BP0-5K8).

Gebore +- 1816. Kinders?

Johannes Eckard Lodewyk Bredenhahn (AFN: 1BP0-5D7). Gebore: 26 Des 1810.

Getroud op 15 Jun 1834 met Anna Petronella Carolina Volschenk (AFN: 1BP0-5FF).

Kontak asseblief.

CLAASSENS

rethajacobs29@yahoo.com

Ek en my suster is besig om 'n familieregister op te stel van die Claassens-familie.

My oupa was Albertus Johannes. Sy pa was Arie Willem en sy pa was Dirk Johannes.

Ooms en tantes was Aletta Susara (Baby), Stephanus Adriaan (Faan), Arie Willem,

Hester Catharina, Johanna Catharina, Albertus Johannes (Mannetjie) en Lourens

Deneys (Boetie). As jy iemand herken, kontak ons asb. om ons te help om die boek

aanmekaar te sit.

FRANKEN

gelden@telkomsa.net

Ek kan 'n paar ouens help met die Franken-van. Kontak my indien julle soek en ek

sal julle in aanraking sit met my neef wat navorsing gedoen het.

PRETORIUS

steyn@townexplorer.co.za

Op soek na inligting aangaande Johannes Adam Pretorius. Hy het in die sirkus

gewerk en was 'n akteur in die eerste cowboy-rolprent in Suid-Afrika. Wil graag

uitvind wie sy ouers was.

STEYN

marie@sweetnam.co.za

Ek werk nou aan die Sweetnam-tak en soek naastiglik na inligting oor Livinia of

Lavinia Steyn wat in Rhodesië met James Sweetnam getroud was. Gebore omtrent

die middel na end van 1800's.

THEART

Bluewairy@vodamail.co.za

My pa was Peter John Theart en sy pa was Johannes Cornelius Theart. Hy is oorlede

toe my pa nog jonk was sal graag die res van my familie wil opspoor. Hy was

getroud met Johanna Elizabeth Mynhardt.

Spaar EN maak geld van die huis af!

Ek en my twee webmeestermaats Gerrie van *Die Knoop* en Danie van *Egafrikaans* kyk gereeld op die internet rond op soek na 'n geleentheid wat mens 'n meevallertjie kan bring.

Gereelde sakgeld. Iets wat jy van die huis af kan bedryf.

Ons het onlangs 'n goeie kat uit die boom gekyk en nou aangesluit by 'n splinternuwe geleentheid wat jou R200 in jou bank gee slegs 'n week nadat jy iemand suksesvol verwys het.

Dis al wat jy doen: Verwys mense en as hulle aansluit, kry jy nie net die R200 nie, jy kry daarna 'n gereelde kommissie solank as wat jy en hulle lede bly.

Die produkte spaar jou ook nog boonop R200 en meer op jou normale maandelikse uitgawes! Om meer hieroor uit te vind, gaan na die adres hieronder en vul die vormpie in. Kyk rustig na die aanbieding wat aan jou gestuur sal word. GEEN VERPLIGTING NIE.

Doen jouself 'n guns, hier is die plek:

<http://www.premierdirect.co.za/info/?sponsor=910754>

Doen dit sommer nou!



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

SAner saai in die Taal uit vir Aussies

ROCHELLE NIEWENHUIZEN, Australië:

Ons bly in Bundaberg, 4 ure noord van Brisbane in Queensland. Ek het 'n lekker 2 ure program waar ek net Afrikaans praat en Afrikaanse musiek speel (om die ex-Zimbabwiërs en Ozzies so bietjie in ag te neem speel ek Engelse liedjies so elke vyfde lied, maar gesing deur Suid-Afikaners natuurlik).

Ek werk as vrywilliger by Coral Coast Radio 94.7 FM. (gemeenskapsradio). Die Coral verwys na die koraal van die Great Barrier Reef wat hier by ons begin.

My program se naam is Afrikans Sonder Grense en mense oor die wêreld kan deur die webwerf luister: www.coralcoastradio.net.au. Klik op die ikoon Now On Air. My program is op 'n Donderdag van 18:00 – 20:00 (10:00 – 12:00 op 'n Donderdag in Suid-Afrika. My tannie van 83, tannie Duifie, is my grootste bewondereaar en luister daar van Springs af. Suid-Afikaners luister in Nieu-Seeland ook - by hulle is die program 20:00 – 22:00.

As jy sukkel om deur te kom (ek weet nie te veel van rekenaars af nie) maar kyk onder op die webblad, ek dink jy kan daar klik op 'n program wat jy sal aflaai om te kan luister. Jou rekenaar doen dit net een keer, van dan af kan jy altyd luister.

Ek speel ou-ou en nuwe musiek. Mense stuur versoekke in van Leonora Veenemans regdeur tot Bok van Blerk na my radio e-pos: rochelle.radio@yahoo.com.au 'n Platemaatskappy in Perth borg my met al die nuutste musiek. Dan moedig ek enige kunstenaar aan om vir my hulle CD's te pos, ek speel hulle musiek tog te lekker.

Die tydskrif Sabona gaan ook 'n borgskap met my program aangaan, en op my beurt adverteer ek die tydskrif vir Suid-Afikaners in Oz.

Ons was 14 jaar in Witbank voor ons hierheen gekom het einde 2001. Ons was die derde Afrikaanse gesin in ons dorp en nou is daar seker meer as 55. My man is in praktyk met drie van sy Afrikaanse kolegas, almal van Witbank af. Ja, hulle praat te lekker Afrikaans by die werk!

Kan Afrikaanse radio in Amerika werk?

DALEEN PRETORIUS, Amerika:

Hallo ons woon in Prescott, Arizona. Hier woon vrek baie SANers in Phoenix. Ek was 'n bestuurder van 'n radiostasie in Suid-Afrika en dink daaraan om 'n internet streaming-stasie te begin vir almal wat wil luister.

Laat hoor asseblief of julle dink dit is die moeite werd. Dit sal vir eers so 2 aande per week wees met SA musiek en nuus en ook 'n versoekprogram (ook vanuit Suid-Afrika) of enige info wat ons Anderkantlanders kan benodig.

Ek hoor graag van almal wat 'n eier kan lê. Hoe meer eiers, hoe beter kan die stasie wees as dit kan werk.

(Wat dink die Anderkantlanders in Amerika? Daleen, jy het dalk lus om met Rochelle te gesels en so 'n bietjie idees uit te ruil. Sien brief en adres hierbo.)

Uit die oog van 'n kind

WAT IS DIE BESTE OUDERDOM OM TE TROU?

Vier-en-tagtig, want dan hoef 'n mens nie meer te werk nie, en kan julle die hele dag lank vir mekaar lief wees in die slaapkamer. (Judy 8).

WAT DOEN MENS OP 'N DATE?

Op die eerste *date* vertel hulle net vir mekaar leuens. Dan is hulle gewoonlik so geïnteresseerd, dat hulle maklik op 'n tweede afspraak gaan. (Mike 10)

WANNEER IS DIT REG OM IEMAND TE SOEN?

'n Mens moet nooit 'n meisie soen tensy jy genoeg geld het om vir haar 'n groot ring en 'n videomasjien te koop nie. Meisies wil altyd videos van die troue hê. (Jim 10)



Afrikaans Sonder Grense
Lekker musiek vir alle mense

AGTEROS

Waar dieregeluide vandaan kom

"Om die volle effek van die dieregeluide te herken en waardeer, lees hul geluide vir jouself hardop voor terwyl jy lees. Doen dit egter as jy privaat is."

Min mense weet dit, maar die meeste plaasdiere se geluide is te danke aan die Groot Trek. Almal behalwe die donkie want hy het sy kenmerkende gebalk heelwat vroeër gekry. In Noag se tyd om presies te wees, maar ons sal later daarby kom.

Soos die meeste goeie Afrikaners sal weet, het die Boere uit die Kolonie noord getrek om weg te kom van die Engelse onderdrukking en ook om later 'n goeie rugbyspan op die been te bring.

'n Span waar die manne mekaar op die skouer klop as hy n drie gedruk het en nie mekaar op die wange soen nie. Dit was waens met osse, los vee wat saamgestap het en die manne het perd gery en die kleintjies en die vrouens was op die waens. Die groter kinders het gestap en tougelei.

Nou as ons dink dat opgaanslag moeilik was, kan jy jouself indink hoe moeilik die afgaanslag was. Hierdie was 'n berg, nie nog 'n koppie of n rantjie nie. Amper soos daai platte wat hulle agtergelaat het. Met die opgaan moes die drywers soms erg sweep inlê om maksimum trekkrag uit die alreeds uitgeputte osse te kry. Dis dan wanneer hulle steun:

Moeg... Moeg... Moeg...

Nadat hulle nou uiteindelik bo gekom het rus almal eers vir 'n wyle en dan begin hulle voorberei vir die afgaan. Soos reeds genoem, hierdie gedeelte is aansienlik moeiliker as die opgaanslag. Met die opgaan kan jy vinnig nog 'n groot klip agter die wiele ingooi as die wa begin agteruit hardloop.

Met die afgaanslag is dit egter nie so maklik nie. Dis nie soos vandag se waens met handremme, ABS stelsels em dies meer nie. Daai waens staan net stil as hulle op gelykgrond staan en niks trek of stoot nie. Dus word die wiele afgehaal en dan sal die wa op sy onderstel afgly. Amper soos 'n vliegtuig wat n noodlanding doen terwyl sy wiele nog ingetrek is. Net baie meer opwindend en stameprig aangesien vliegtuie nie loodlandings in berge doen nie. As 'n vliegtuig daar land, dan is dit nie meer n noodlanding nie, met of sonder wiele. Dan is dit n ramp of 'n boggerop, afhangende aan watter kant van die berg jy in Pretoria woon.

Terwyl die wa nou op sy maag lê, is al die manne en seuns agter met toue op te help rem en die perde en osse help ook briek. Nou is dit vashou en konsentreer want daai wa is swaar. Die vrouens en kleintjies is agter die manne om uit die pad te wees as die wa begin hardloop. Die pluimvee en kleiner diere is almal in hokke op die wa en dis nou waar hulle inkom.

Al is daar kinderboeke en feëverhale van varke wat kan vlieg, is daar onteenseglike bewyse dat dit nie waar is nie. Inteendeel, die arme goed ly aan erge hoogtevrees en is skytbang vir hoogtes. Te verstane as jy na hul onelegante liggamsbou en lompe voetwerk kyk. En dis nou wanneer die wa naby aan een van die loodregte kranse kom kom dat die swyne in 'n koor soos 'n brandalarm begin skree:

Brieeek! Brieeek! Brieeek!

En so gaan dit aan todat dit veiliger raak.

Die hoenders is ook in 'n hok op die wa en almal weet dat 'n hoender nie in arend of swaeltjie se klas val as dit by vlieg of sweef kom nie. Sou daai wa oor die krans gaan, sal hulle so elegant en aerodinamies soos n vleuelkalvier 'n paar honderd meter later te lande kom. Dus is die arme geveerdes net so benoud soos die oinks saam met hulle op die wa.

Hoenders het nie n besonderse goeie en uitgebreide woordeskat en al wat hulle kan uitkry is

Fok-fok-fok! Fok-fok-fok! Fok-fok-fok! en so gaan dit aan todat hulle veiliger voel.

Die kalkoene is ook in 'n hok op die wa, maar aan die ander kant en kan dus nie die kranse sien nie en verstaan dus nie waaroor die hoenders en swyne soos benoud is nie.

Kalkoene haat hoenders want hulle beskou hulle as dom en ongeletterd. Dus teen die tyd dat die kalkoene nou lekker gatvol vir die hoenders se gekerm aan die anderkant is hoor jy net die volgende van hulle:

Al julle hoenners is hoere! Al julle hoenners is hoere! en so gaan dit aan totdat die hoenders weer rustig raak.

En dis waar hierdie diere se geluide vandaan.

□ □ □ □

TOE Noag se ark gelaai was met al die diere, met genoeg proviand en voer was dit net die donkie wat rustig daar naby gestaan en wei het. Toe dit so liggies begin reën, roep Noag die donkie om te kom opklim. Maar soos dit 'n goeie esel betaam, kyk hy eers so laaank om hom rond en besluit dan dat daar is nog oorgenoeg tyd voor hy hoof op te klim. Noag het hulle vertel dat hulle vir 'n hele rukkie nie vasteland gaan sien nie, en hy wil dus tot die laaste oomblik moederaarde onder sy hoefies voel. Hy is ook nie heelmal oortuig met Noag se storie oor die baie reën nie. Dit klink vir hom alte veel na nog n tipiese SABC kak weervoorspelling. Amper soos die minister van Injustice wat reken dat die misdaad besig is om te daal.

En so staan hy rustig verder en wei. Toe die water by sy hoewe kom, roep Noag weer en die donkie kyk die water en kyk die afstand na die ark en besluit om nog n bietjie te staan.

En dis toe dat die water die hoogte bereik waar die stelte wat die ark gestut het wegvallend en Noag begin die loopplank op te trek dat Moeder Maria se vervoermiddel besef dis tyd om te klim en hy sal sy gat moet roer.

En dis toe waar daai donkie teen die spoed van witlig wegtrek agter die ark aan in kniediepte water. Die spoed van witlig is eintlik lig gestel, want daar was ongelukkig nog nie chronometers of radartoestelle nie, want dit sou ongetwyfeld n nuwe landspoed rekord gewees het. Kom ons stel dit so, as hy aan die Durban July moes deelneem, sou hy al daardie volbloed renperde na gestremde invaldes laat lyk het. Hy sou al koudgelei gewees het as die ander nog om die eerste draai gegaan het.

Ten spyte van die spoggerige naelloop-vertoning van onse esel het hy egter nie rekening gehou met die remkrag van water nie, want die water was nou al borshoogte.

En dis toe waar die groot vrees van agterbly hom oorval en hy begin bulder agter Noag aan. Normaalweg balk donkies, maar daai dag was dit 'n bulder en dit was bulder van formaat en dit het so geklink:

NOAAAAG! NOAAAAG! NOAAG!

Gelukkig het die ou stuurman hom gehoor en anker gegooi sodat onse esel ook kan opklim. En dis waar hy en sy halfbroer muil hul gebalk vandaan kry.

Om die volle effek van die diergeluide te herken en waardeer, lees hul geluide vir jouself hardop voor terwyl jy lees.

Doen dit egter as jy alleen of privaat is, want as jy skielik soos 'n vark begin skree en daar sit met 'n idiotiese grinnik op jou gesig, gaan jou baas of familie jou verseker vir waarneming stuur waar jy so lastige baadjie met sulke laaaang moue dra in 'n klankdigte kamer met sulke dik rubbermure.

As jy mooi soet is, kry jy op
30 NOVEMBER
jou volgende uitgawe van
KAMMANUUS
(en as jy stout is, kry jy twee)